HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

12 Januarie 2025

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se erediens!

Spesiale welkom aan nuwe lidmate en besoekers!

Mag jy tuis wees in die Hoogland Geloofsfamilie.

Die leraar(s) wil jou graag ontmoet - kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, voor in die kerkgebou of gaan gesels gerus met die Gemeentedienste dame in die Voorportaal met enige navrae.
(Sy staan by die tafel by die Hoofingang.)

Kontak gerus Annalize in die kerkkantoor (of kyk @ www.pehoogland.co.za) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak.
Neem gerus 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
16:30 Toewydingsweek @ Buffelsfontein
18:30 Toewydingsweek @ Kerk gebou

Deurkollekte (oggend): Jerusalem Ministries



Algemeen

Program vir die week:

Sien gerus u 2025 Jaarprogram.

Geloof deur liefde tot dade ...

Weer eens staan Hoogland dankbaar voor die groot getuienis dat daar op Kersdag die mooi bedrag van ongeveer R20 000 ontvang is uit dankoffers vir MTR Smit kinderoord.

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Gebedsversoeke

Onthou dat enige gebedsversoek vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur kan word na 079 815 9325.

Daar is lekker selfhelp, kuier-koffie elke aand vanaf 18:00 in die Voorhuis! Kom sommer gemaklik soos jy van die werk af kom.

GVG 2025

Geloofsvormingsgroepe 2025 : Ouerontmoeting
Sondag, 19 Januarie om 09:00

UITNODIGING:
Alle GVG ouers saam met jou kind / jongmens word uitgenooi na die spesiale erediens om 09:00.
Kinders/jongmense bring asseblief jou skooltas saam of dáárdie 1 vak se boeke wat ekstra gebed nodig het. Gr 1 - maats Hoogland wil spesiaal vir julle bid, so trek jou nuwe skoolklere aan en bring jou skooltas ook saam.
Direk na die oggenddiens ontmoet die ouers & kinders vir di Sunell & Pieter in die kerkgebou vir die groepindeling en 'n ouerontmoetingsgeleentheid.

NUWE MAATS:
Indien u bewus is van nuwe Intrekkers in u buurt, of in u kind se klas, of ander maats wat by Hoogland wil aansluit, nooi hulle gerus saam na die GVG ouer-ontmoetingsgeleentheid. Laat weet vir Annalize in die kerkkantoor sodat hulle gekontak kan word.

MENTORS:
GVG kort nog mentors vir gr 3, 4, 5 en 9. Bid asseblief daaroor en kom gesels met Annalize of Ds Sunell as daar nog mamma's (of pappa's) / studente is wat Hoogland se kinders op so manier wil dien.

Merkers vir 2025 ...

2024 voel al so ver in die verlede. Tog was ons minder as twee weke terug nog daar, met afwagting vir 2025 se nuwe begin. Hier is ons in 2025. Al minder GP-nommerplate word gesien. Besighede begin oopmaak. Skole begin die komende week. Wat het jy gehoop gaan anders wees in 2025? Hoe het jy gehoop sal jy self anders wees in 2025?

Stefan Joubert laat mens diep nadink met sy eie padkaart vir 2025 (Beeld, Netwerk24), wanneer merkers op sy pad insluit: die Here is my Herder in 2025; ek gaan getrou Jesus se kruis dra; in 2025 sal ek groter vreugde vind in eenvoud. Dan 'n mooi en belangrike een: In 2025 gaan die Here en my geliefdes meermale my gesig sien as my rug. Ek gaan meer tyd vir hulle maak.

Ons gaan nie tyd kry vir God en ons mense en wat ook al jou merkers vir 2025 is nie. Tyd moet gemaak word. Hoe maak mens tyd? Deur prioriteitsbesluite, (geloofs)-gewoontes, denke wat verander en vernuwe deur God, fokus op die groot taak wat die Here vir jou gegee het en om met wysheid te leef, want elke ding het sy bepaalde tyd. En die mens... het ook 'n bewustheid van die ewige.

Doopkursus

@HOOGLAND

OUERS & VOORNEMENDE OUERS

Indien ouers by Hoogland wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba hier te kom doop, is 'n 4-weke doopkursus `n vereiste.

2025 Doopkursus datums:

4, 11, 18, 25 Februarie
6, 13, 20, 27 Mei
5, 12, 19, 26 Augustus
21, 28 Oktober & 4 & 11 November

Bespreek by Annalize in die kerkkantoor:

- Skakel - 041-367 1485
- Epos - annalize@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325.

WYN OP WOENSDAE

sáám op soek na geleefde wysheid oor:

KUBER VEILIGHEID & AI

22, 29 Januarie & 5 & 12 Februarie

ALMAL IS BAIE WELKOM : OUD & JONK

Ouers: Kom leer wat jou kinders seker reeds weet!

MOET Bespreek by 079 815 9325
Navrae - Leandra

Moenie hierdie sinvolle & toepaslike gespreks-geleenthede misloop nie! Almal wonder hoe veilig is jou inligting op elke aanlyn vorm wat jy voltooi.

Terug skool toe 2025

ook vir MTR SMIT se Huis 8!

Help hulle om ook skool gereed te wees deur jou geloof deur liefde tot dade ...

Huis 8 het 10 laerskool dogters wat moet skoolgereed wees en benodig die volgende:

- Skryfbehoeftes - uitdraaikryte/pritt/inkleurpotlode/skêre/ens
- Hemde dogters kortmou/langmou: ouderdom 7/8 & 9/10
- 2 x Groen skoolrompe 7/8 & 11/12
- 1 x Grys skoolromp 8/9
- Wit sokkies
- Grys lang kouse

Hulle versoek ook groot waaiers vir die huis wat die warm, somersdae meer draaglik sal maak ...

Laat gerus by Gemeentedienste of by die kekrkantoor

Uit die hart...'n getuienis van geloof, liefde en dade...

Getuienis is anders as terugvoer. Getuienis vertel van God se werk waar geloof deur liefde tot dade oorgaan. Daarom wil ek graag getuig van God en Hoogland se geloof, liefde en dade.

Einde 2024 het bure by Hoogland kom aanklop vir hulp omdat die vrou se broer baie siek is. Daar is gevra vir hulp in Hoogland in die vorm van beddegoed, matras en ook finansiële bydraes. Vandat daardie kommunikasie uitgestuur is, het mense reageer met boodskappe, telefoonoproepe, borgskappe/skenkings en finansiële bydraes.

Ek sê nie dankie nie (dis nie my plek nie), maar ek getuig van 'n verskil wat Hoogland maak:

Verskeie skoon stelle beddegoed en omtrent 'n nuwe matras kon gegee word om gereeld geruil te word, omdat die persoon bedlêend is. 'n Borgskap het verseker dat die huis binne skoongemaak is van hoek tot kant. Nog 'n borgskap het gehelp met die netjies maak van die tuin. Die finansiële bydraes is en word gebruik vir mediese benodighede om wonde skoon te maak, te hou en te verbind. Hiermee saam word daar tot einde van Januarie 2025 ingestaan vir 'n versorger om twee maal per week die persoon te kom versorg, te was en aandag aan die wonde te gee (die onkologie-afdeling open eers 13 Januarie 2025 vir hulle om 'n proses te volg en deur Hospice gehelp word). Voordat die versorger ingekom het, het gelowige lidmate die man gewas, toonnaels gesny en die wonde verbind.

Dit laat my dink aan Titus 2:14 - "Hy het sy lewe vir ons gegee om ons los te koop...sodat ons sy volk kan wees wat aan Hom behoort, **entoesiasties om die goeie te doen."**

Mag Hoogland deur die Here se genade, diensbaar wees in 2025.

Pieter